BESKIKBARE DATA IN VERBAND MET A.R.M. ONDERSOEK SOOS OP 11 AUGUSTUS 1964 TYDENS KONFERENSIE TE VEILIGHEIDSPOLISIE HOOFKANTOOR, P R E T O R I A. PA TJ 15/1/4/6

Min of Justice
ARM
Sout Reports.
3

---oOo---

12,8.64

A.

Tot dusver aangehou:-

KAAP-WES

1. ADRIAN LEFTWICH @ MARK.
2. LYNETTE VAN DER RIET @ WENDY OF PAT.
3. EDWARD DANIELS @ MAT, MATTHEWS AUBREY EN GEORGE. NW.
4. ALLEN KEITH BROOKS @ TONY
5. DAVID DE KELLER @ DERICK.
6. NORMAN BROMBERGER @ LUIGI OF ROCK.
7. ANTHONEY TREW @ ROY.
8. HARRY COHEN @ JOE.
9. RIA MILLER MC CONKEY @ ANNE.
10. STEPHANIE KEMP @ MARY.
11. MABLE FAY KATZEN @ REGINAL OF R.G.

B.

Die volgende persone van Kaap-Wes het gevlug en hulle aanhouding is miskien nodig:

1. MICHAEL SCHNEIDER @ LUKE OF JIM - TANS IN SWAZILAND.
2. ROBERT WATSON @ BIG GORDON OF DONALD - TANS IN ENGELAND.
3. JAMES E. VIGNE @ BILL, ALBERT WILFRED TANS MONTREAL OP WEG NA ENGELAND.
4. NEVILLE RUBIN @ TED OP WEG NA ENGELAND.
5. DAVID H. RUSSEL @ PERCY TANS IN SUID-RHODESIË.

C.

Tans aangehou - Johannesburg.

1. HUGH F. LEWIN @ MARK.
2. RAYMOND EISENSTEIN @ TOM EN DAN
3. BERTRAM MARTIN HIRSON @ ERICK.
4. JOHN NESBITT LLOYD @ ANGUS.
5. JANET M. HELMSTEDT. Not a member see Mostert.
6. BARRY R. STERSKY. Not a member
7. FREDERICK PRAGER @ GEORGE OF "THE OLD MAN".
8. ALEXANDER GUILLIAN COX @ JOHN.

2/..............

9. FREDERICK JOHN HARRIS @ ROBIN. -2-

10. ERNEST M. WENTZEL @ ERNIE OF M. Not a member

11. DENNIS SAPATES – WEER VRYGELAAT. "

12. SAMUEL OLIFANT @ PETER. NW

13 JEREMIAH MBULI @ ALLISTER NW

14. JOHANNES MHLADHLA @ JACKSON. NW

15. WILLY TIBANE @ CHARLIE. NW

16. JOHN MAROSA – VRYGELAAT. HY WAS NIE LID NIE.

17. JEREMAIH KUNENE @ JERRY IS WEER VRYGELAAT. Not a member

18. ROSEMARY WENTZEL @ DIANNE.

19. ADV. KERR WEER VRYGELAAT.

D.

Die volgende persone van Witwatersrand het gevlug en hulle aanhouding is nodig.

1. DENNIS ARTHUR HIGGS @ HUMPHREY TANS IN N.R. (LUSAKA)
2. R. MUTCH @ HUBERT tans in die Tanganyika.
3. HILLARRY MUTCH @ CATE TANS IN TANGANYIKA.
4. MICHAEL WADE @ LITTLE GORDON TANS IN ENGELAND.
5. PHILLIP R. GREEN @ JACK OF PHILLIP, TANS IN SWAZILAND.
6. ANNE SWERSKY TANS IN ENGELAND.
7. ISMAIL AMOE @ ISMAIL TANS IN LOBATSI. NW
8. MILTON SETHLAPELO IS VIR MILITéRE OPLEIDING GESTUUR, MAAR HY HET GEDROS EN BY P.A.C. IN DAR-ES-SALAAM AANGEMELD. NW
9. JOHNNY VILAGAZI HET NA SWAZILAND GEVLUG. NW
10. ROBERT SCOTT-SMITH TANS IN SWAZILAND.
11. JOHN LANG @ JOHN OF LONDEN. NW
12. MONTY BERMAN @ PETE TANS IN LONDON. Hillman Lawrence M. NW

E.

Tans in Kaap-Oos aangehou.

1. John Laredo @ Leo of Leon.
2. BETTY MEARNS @ PHIL (VOLLE NAME ELIZABETH ANNE HAMILTON MEARNS)
3. EVE GRAY IS LOSGELAAT OMDAT DAAR NIKS TEEN HAAR IS NIE.
4. TERRENCE VIGORS R. BEARD. DAAR IS TOT NOU NOG NIKS TEEN HOM NIE.
5. PETER S. RODDA. TOT NOU IS DAAR NIKS TEEN HOM NIE.

F.

Persone wat uit Kaap-Oos gevlug het.

1. DERICK COHEN @ TED TANS IN LONDON.
2. MALCOLM SOBEY TANS IN SWAZILAND.
3. LORNA SYMINGTON @ TANS IN SALISBURY.
4. GILLIAN GANE @ LESLEY TANS IN SWAZILAND.

5. ALEXANDER KEITH SIETTE @ SYMAN TANS IN SWAZILAND.

6. GAVIN TREVALYN @ TANS IN SWAZILAND.

G.

Persons in Durban (Port Natal en Natal) aangehou.

1. DAVID L. EVANS @ DICK.
L.W. JOHN LAREDO WAS HIER BEDRYWIG.

H.

Persone wat uit Natal gevlug het:

1. STANLEY TRAPIDO HET GERUIME TYD REEDS NATAL VERLAAT.
2. HANS MEIDNER WAS IN SWAZILAND MAAR IS ONLANGS IN BETSJOEANALAND OPGEMERK.
3. GORDON NGUBANE IS TANS IN SWAZILAND.

Aantal persone wat aangehou word en ook wat aangehou en ondervra is maar weer vrygelaat is ...................... 36.

Aantal persone voortvlugtend en buite ons bereik 26.

I.

A.R.M. bedrywighede in Natal en aanspreeklikheid van sy lede vir Subversiewe-dade aldaar:

1. Dit skyn asof A.R.M. nie veel inslag in Natal gevind het nie miskien omdat die groep of tipe persoon wat hom vir sodanige bedrywighede sou leen reeds in Umkontu We Sizwe opgeneem was.

2. DAVID EVANS EN JOHN LAREDO was lede van 'n sel wat in Natal sou funksioneer. Hulle word aangehou.

3. Hierdie groep het inderdaarheid oor plofstowwe en sekere meganismes beskik wat na alle waarskynlikheid deur MONTY BERMAN van Johannesburg in Durban gelewer is. Dit het bestaan uit 'n kas dinamiet wat gedurende Mei 1962 in die omgewing van Balmoral uit 'n bergplek gesteel is.

4. EVANS en LAREDO het hierdie kas dinamiet in ruigtes iewers langs die Durban se kus versteek.

5. Toe LAREDO gevang is het hy die Polisie na die omgewing waar die dinamiet begrawe is, geneem en baie na aan die kas gekom. Hy kon dit egter net nie weer vind nie.

6. David L. EVANS kon na vele moeite die bergplek aandui.

7. Uit die kas word een bondel kerse van ongeveer 17 kerse vermis en dit klop met EVANS se storie in verband met sewentien kerse wat hy vir 'n "JOB" uitgehaal het maar weens Polisie-bedrywighede elders in 'n vreemde huis moes berg en waar die Polisie dit gedurende 1963 saam met 'n tydmeganisme wat ooreenkom met meganismes wat aan die Oos-Rand gebruik is, ge

8. Met behulp van die Balmoral dinamiet kan die skakel tussen Witwatersrand en Natal gevind en bewys word.

9. Toe BERMAN die dinamiet na Durban geneem het het hy, EVANS en LAREDO 'n spantoring gekies wat geskiet moes word. Dié paal is egter later deur "UMKONTO" gesaboteer.

10. LAREDO noem NGUBANE as lid van A.R.M.

11. JOHN LLOYD van Johannesburg noem Meidner as bedrywige lid van A.R.M. en hoewel laasgenoemde nie sabotasie gepleeg het nie het hy aan samesprekings deelgeneem.

12. TRAPIDO word genoem as iemand wat 'n paal gesaag het nadat UMKONTO in Natal uitgeskakel is.

J.

A.R.M. bedrywighede in Kaap-Wes en dade van Sabotasie waarvoor hierdie groep verantwoordelik gehou kan word.

1. In hierdie afdeling was A.R.M. bedrywig en het etlike aanslae van sabotasie teen veral elektriese kragpale geloods en hier volg 'n lys van dade:-

(a) (1) DATUM : 19/6/1964
(2) DOELWIT EN METODE : Elektriese spantoring.
: Eers is plofstowwe en Tydmeganisme gebruik maar toe die set gefaal het is veiligheidslont en springdoppie bygesit.
(3) PLEK : NABY FAURE SPOORWEGSTASIE.
(4) AANSPREEKLIKES : Eerste keer, 19.6.1964 het Leftwich, de Keller en v..d. Riet gegaan en tydmeganisme gestel. Dit het nie gewerk nie en Sondag 21.6.1964 het Leftwich en v.d. Riet Veiligheidslontten Springdoppies aangewend. Schneider het die kar bestuur.

(b) (1) DATUM : 19.2.1964.

(2) DOELWIT EN METODE : Elektriese Spantoring. Plofstowwe en tyd-meganisme aan bene en paal geheg. Bene is beskadig en mas het getuimel.

(3) PLEK : Naby Vlottenberg op die Kuils rivier - Stellenboschpad (Stellenboschkloof.)

(4) AANSPREEKLIKES : (1) LEFTWICH (2) V.D. RIET. (3) DE KELLER.

(c) (1) DATUM : 19.6.1964.

(2) DOELWIT EN METODE : Elektriese Spanpaal, Plofstowwe en tyd-meganisme aan bene geheg Spantoring het getuimel.

(3) PLEK : Tussen Durbanville en Philidelphia.

(4) AANSPREEKLIKES : Schneider, Trew en Stephanie Kemp.

(d) (1) DATUM : 14.11.63

(2) DOELWIT EN METODE : Elektriese Spantoring. Plofstowwe en tydmeganisme aan bene geheg. Een been is beskadig.

(3) PLEK : Naby Klapmuts (Muldersvlei.)

(4) AANSPREEKLIKES : DE KELLER, DANIELS EN SCHNEIDER. (Hare van de Kleer is op toneel gevind).

(e) (1) DATUM : 3.9.1963

(2) DOELWIT EN METODE : Spoorwegsinjaalkas. Plofstowwe en veiligheidslont met knaldoppe aan kabel in kas geheg. Kas en kabels is beskadig.

(3) PLEK : Op Spoorlyn naby Mowbray. Kaapstad.

(4) AANSPREEKLIKES : L. VAN DER RIET.

6/........

(f) (1) DATUM : 3.9.1963.

(2) DOELWIT EN METODE : Spoorweg sinjaalkas. Plofstowwe, Veiligheidslont en knaldoppie aan kabel en kas geheg. Kas en kabels beskadig.

(3) PLEK : Spoorweglyn naby Kennilworth.

(4) AANSPREEKLIKES : LEFTWICH.

(g) (1) DATUM 3.9 : 3.9.1963.

(2) DOELWIT EN METODE : Spoorweg sinjaalkas: Plofstowwe en Veiligheidslont en knaldoppie aan kabel geheg. Kabel en kas beskadig.

(3) PLEK : SPOORLYN BY ROSEBANK.

(4) AANSPREEKLIKES : ALLEN BROOKS.

(h) (1) DATUM : 3.9.1963.

(2) DOELWIT EN METODE : Spoorweg sinjaalkas : Plofstowwe en veiligheidslont en kanldoppie aan kabel geheg. Kabel en kas beskadig.

(3) PLEK : Spoorweg by Soutrivier.

(4) AANSPREEKLIKES : SCHNEIDER.

(i) (1) DATUM : 28.8.63.

(2) DOELWIT EN METODE : Kabels van F.M. Toring. Plofstowwe en tydmeganisme aan kabel geheg skoot het nie afgegaan nie.

(3) PLEK : F.M. toring Constancia-berg.

(4) AANSPREEKLIKES : DANIELS en LEFTWICH; Laasgenoemde se hare is op toneel gevind.

7/........

## WITWATERSRAND EN OMGEWING.

(a) (1) DATUM : 11.5.1964

(2) DOELWIT EN METODE : Elektriese Spantoring, S.A.S.& H. Plofstowwe en tyd-meganisme. Toring het getuimel.

(3) PLEK : Tussen Duke en Ikwezi, Johannesburg.

( (4) AANSPREEKLIKES : Johannes Dhladhla en Stan (nog nie gevang nie)

(b) (1) DATUM : 19.6.1964

(2) DOELWIT EN METODE : Elektriese Spantoring, Plofstowwe en tyd Meganisme aan twee torings geheg. Een skool het afgegaan en toring het getuimel.

(3) PLEK : Holfontein tussen Delmas en Springs.

(4) AANSPREEKLIKES : R. MUTCH, HIGGS EN LLOYD.

(c) (1) DATUM : 19.6.1964.

(2) DOELWIT EN METODE : Elektriese spantoring. Plofstowwe en tydmeganisme. Een been is beskadig. Toring het nie getuimel nie.

(3) PLEK : Tussen Neves en Heidelberg naby Nigel.

(4) AANSPREEKLIKES : LEVIN, R. WENTZEL, EN MEVR. H. MUTCH.

(d) (1) DATUM : 11.2.1964.

(2) DOELWIT EN METODE : Elektriese sinjaalkabel. Plofstowwe en tydmeganisme: Kabels is beskadig.

(3) PLEK : TUSSEN GERMISTON EN PRETORIA NABY GERMISTON.

(4) AANSPREEKLIKES : LEVIN, HIGGS.

8/........

(e) (1) Datum : 5.2.64.

(2) Doelwit en Metode : Elektriese sinjaalkabel. Plofstowwe met tydmeganisme. Skoot het nie afgegaan nie.

(3) Plek : Tussen Natalspruit en Angus op die Germiston-Vereenigingpad.

(4) Aanspreeklikes : Lloyd, R. Wentzel en Harris.

(f) (1) Datum : 23.1.64.

(2) Doelwit en Metode : Elektriese spantoring (Spoorweg) Plofstowwe en tydmeganisme. Slegs 2 bene beskadig en toring het nie getuimel nie.

(3) Plek : Tussen Irene en Lyttelton.

(4) Aanspreeklikes : Lewin, Higgs, R. Hutch en H. Hutch.

(g) (1) Datum : 28.11.62

(2) Doelwit en metode : Elektriese spantoring. Plofstowwe en tydmeganisme gebruik. Toring het getuimel.

(3) Plek, : Petite, Benoni.

(4) Aanspreeklikes : R. Hutch en Higgs.

(h) (1) Datum : 31.8.62.

(2) Doelwit en Metode : Elektriese spantoring. Pl[illegible] en tydmeganisme : Een been beskadig.

(3) Plek : Naby Putfontein, Benoni.

(4) Aanspreeklikes : *kaplan.*

(i) (1) Datum : 20.12.61

(2) Doelwit en Metode : Twee elektriese spantorings. Plofstowwe en tydmeganisme : Bene beskadig.

(3) Plek : Naby Edenvale hospitaal Lombardy-Oos.

(4) Aanspreeklikes : Nog nie bepaal nie maar 'n skakel x kan met A.R.M. gevind word.

(j) (1) Datum : 8.10.61

(2) Doelwit en Metode : Elektriese Spantoring se bene afgesaag. Toring het getuimel.

(3) Plek : Naby Jukskei-rivier, Lombardye-Oos.

(4) Aanspreeklikes : Nog nie bepaal nie.

(k) (1) Datum : 24.7.64.

(2) Doelwit en Metode : Johannesburgstasie. Plofstowwe, petrol en tydmeganisme in tas op vloer van blanke-wagkamer geplaas. Drie-en-twintig persone beseer.

(3) Plek : Spoorwegstasie, Johannesburg.

(4) Aanspreeklikheid : Frederick John Harris.

Beskikbare getuienis dui op Harris se A.R.M. lidmaatskap en 'n prima facie saak kan teen hom uitgemaak word indien daar finaal sou besluit word om hom afsonderlik vir hierdie voorval aan te kla.

(l) (1) Datum : 11.5.62

(2) Doelwit en Metode : Plofstofmagasyn - oopgebreek en 6 kaste dinamiet is gesteel.

(3) Plek : Bergplek naby Balmoral.

(4) Aanspreeklikes : 1) D. Higgs.
2) Eisenstein.
3) Hutch.
4) Johannes Dhladhla (Jackson).

Sommige van hierdie plofstowwe is in Michael Schneider se motorhuis gevind en Adrian Leftwich kan aanspreeklik gehou word vir die besit daarvan. Een kas is deur Evans in Durban uitgewys.

Ismail Amor, 'n Indiër van Johannesburg, is kort na die inbraak in besit van 'n hoeveelheid hiervan gevind. ? Hy het nou gevlug.

Bedrywighede van A.R.M. in Kaap-Oos:

(1) Hier het wel selle te Port Elizabeth en Grahamstad, en veral aan die Universiteit Rhodes, ontstaan.

(2) Die groep, bestaande uit Mearns, Bromberger, Harry Cohen en John Laredo wat almal gevang is en Tony Carter,

M. Sobey, Gavin Trevelyn, Gillian gevlug het, het sover bekend geen werklike dade van sabotasie gepleeg nie, maar wel sabotasie met ander selle beplan.

(3) Hulle skakel met Kaapstad en Johannesburg kan bewys word.

<u>Voorlopige beraming van Persone wat aangekla kan word:</u>

<u>Kaap-Wes:</u>

(1) A. Leftwich.
(2) A.K. Brooks.
(3) David de Keller.
(4) Edward Daniels.
(5) S. Kemp.

<u>Kaap-Oos:</u>

(1) Norman Bromberger.
(2) John E. Laredo.

<u>Natal:</u>

(1) David Evans.

<u>Witwatersrand en Omgewing:</u>

(1) F.J. Harris.
(2) H.P. Lewin.
(3) R. Eisenstein.
(4) B. Hirson.
(5) R. Wentzel.
(6) F. Prager.
(7) E. Wentzel.
(8) A.L. Cox.

<u>Voorlopige beraming van Persone wat as getuies geroep kan word:</u>

<u>Kaap-Wes:</u>

(1) L. van der Riet.
(2) R.M. McConkey.

<u>Kaap-Oos:</u>

(1) Harry Cohen.
(2) E.A.H. Mearns.

<u>Witwatersrand en Omgewing:</u>

(1) J. Lloyd.
(2) J.M. Helmsteck.
(3) B.R. Swersky.
(4) Samuel Olifant.

(5) Johannes Dhlodhla.
(6) Jeremiah L. Kunene.
(7) Willy Tibane.
(8) Dennis Capatos.
(9) John Mabosa.

Aard van beskikbare Getuienis:

(1) Dokumentêre bewyse, veral in Kaap-Wes, sal 'n belangrike deel van die Staatse getuienis uitmaak. Die dokumente wat op Kaap-Wes betrekking het, is so deurslaggewend van aard dat in sekere gevalle slegs geringe stawende bewyse aangebied hoef te word.

(2) Vir direkte bewyse sal daar in talle gevalle op die goeder-trou van mededaders staatgemaak moet word.

(3) Omstandigheidsbewyse soos miskien eendersheid van plegingsmetodes, doelwitte wat aangeval is, tydmeganismes en aard van plofstowwe kan as stawing dien.

(4) Wat die saak teen F.J. Harris betref en wel met betrekking tot die stasie-voorval, Johannesburg, berus die Staatse saak hoofsaaklik op omstandigheidsbewyse en sal sukses wat verwag kan word ook afhang van die vermoë van ooggetuies om Harris uit te wys.

(5) 'n Gebrek wat tot dusver in die Staatse saak te bespeur is, is die feit dat beskikbare getuies skynbaar nie instaat is om die Organisasie se doelstellings en opset behoorlik bloot te lê nie. Talle afleidings kan tot dusver gemaak word maar anders as in die Rivonia-saak het ons nog nie 'n grondwet of aanvaarde geskrewe plan raakgeloop nie.

PRETORIA
12.8.1964.